education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

Vraag 1	Vraag 2	Vraag 3	Vraag 4	TOTAAL
Leesbegrip	Visuele teks	Opsomming	Taalstrukture- en konvensies	/50
/20	/10	/5	/15	

GRAAD 6

AFRIKAANS HUISTAAL

KONTROLETOETS

NOVEMBER 2025

TYD: 2 URE

PUNTE: 50

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Naam en Van	
Graad 6	

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
   - VRAAG 1: Leesbegrip (20 punte)
   - VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
   - VRAAG 3: Opsomming (5 punte)
   - VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies (15 punte)

2. Lees die instruksies deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Gee veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: LEESBEGRIP (20 punte)

Lees die instruksieteks en beantwoord die vrae wat volg.



Hoe om 'n geskenk toe te draai: 'n Stap-vir-stap gids!

Of dit nou vir 'n verjaarsdag, die feesseisoen of 'n spesiale geleentheid is, om te weet hoe om 'n geskenk netjies toe te draai maak selfs die eenvoudigste geskenk mooi en besonders. Volg die stappe en jy sal gou weet hoe om 'n geskenk soos 'n deskundige toe te draai!



Benodigdhede

- Geskenkpapier - kies sterk papier wat nie maklik skeur nie.
- Skêr - Gebruik 'n skerp skêr vir netjiese snitte.
- Kleefband - deursigtige kleefband is ideaal.
- Geskenkkaartjie - onthou om jou geskenk te merk.

Opsionele ekstras

- Lint - gee elegansie en styl
- Strik- klaargemaak of self gemaak
- Plakkers - gee 'n dekoratiewe afwerking.

1 **Meet en sny die geskenkpapier.**
Rol genoeg papier uit om die hele geskenk te bedek.

Hou vooraf 'n paar stukkies kleefband gereed.



2 **Vou rante vir netjiese kante.**
Vou die rante van die papier om 'n skoon lyn te skep.





3 **Plak die lang kante vas.**
Plaas die geskenk onderstebo sodat die kleefband versteek word. Plak die lang kante vas.



4 **Maak flappe aan die kort kante.**
Druk die kante in om driehoekige flappe te vorm. Vou dit netjies en plak vas.

5 **Vou en plak die flappe.**
Sny oortollige papier weg. Vou die onderste flap in, plak dit vas en vou dan die boonste flap oor dit.



6 **Voeg afwerkings by.**
Versier jou geskenk met 'n lint, strik, kaartjie of plakkers.

Baie geluk! Jy is nou 'n geskenk-toedraai deskundige!!

Bron: vistaprint.com Aangepas en herontwerp: Zanie Marx

Vrae

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.1 Die doel van hierdie teks is om ... (1)

A die belangrikheid van geskenke gee aan die leser te verduidelik.
B instruksies te gee oor hoe om iets te doen.
C ‘n geskenklys aan lesers te verskaf.
D inligting aan die leser oor te dra.

1.2 Volgens die teks, hoeveel noodsaaklike benodigdhede het jy nodig? (1)

A 8
B 6
C 4
D 2

1.3 Wat, volgens jou, beteken die woorde ‘opsionele ekstras’? (1)

A Iets wat jy kan gebruik as jy wil, maar dit is nie nodig nie
B Om die geskenk makliker op te tel
C Nog iets wat jy moet gebruik
D ‘n Nuwe taak

1.4 Hoekom is dit nodig dat die stappe wat gevolg moet word, genommer word? (1)

_____

_____

1.5 Verduidelik hoekom die skrywer dink dat deursigtige kleefband ideaal is. (1)

_____

_____

1.6 Hoekom sal jy sê is dit belangrik om die papier te meet voordat jy dit sny? (1)

_____

1.7 Wat is die rede, wat deur die skrywer gebruik word, dat ‘n lint om ‘n geskenk gebind moet word? (1)

_____

_____

1.8 Waarom moet jy seker maak dat jy ‘n skerp skêr gebruik? (1)

_____

1.9 Pas die regte woord in kolom A by die regte beskrywing in Kolom B. Skryf slegs die letter in kolom C (3)

Kolom A	Kolom B	Kolom C
1.9.1 Kleefband	A. ‘n Netjies toegedraaide geskenk.	1.9.1 _____
1.9.2 Dekoratiewe	B. Iemand wat iets professioneel kan doen.	1.9.2 _____
1.9.3 Deskundige	C. Waarmee goedere geplak kan word.	1.9.3 _____
	D. Produkte wat jy benodig.	
	E. Iets wat ‘n geskenk laat mooi lyk.	

.

1.10 Is die volgende stelling **Waar** of **Vals**. Merk (✓) die regte blokkie. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

1.10.1 ‘n Eenvoudige geskenk hoef nie altyd toegedraai te word nie.

Waar		Vals	

_____

1.11 Wie dink jy is die teikengroep vir hierdie teks? Verduidelik jou antwoord. (2)

_____

_____

1.12 Dink jy dit is belangrik om vir iemand ‘n geskenk te gee op spesiale geleenthede? Merk (✓) die regte blokkie. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Ja		Nee	

_____

1.13 In jou opinie, hoef ‘n geskenk altyd groot en duur te wees? Gee ‘n rede vir jou antwoord. Merk (✓) die regte blokkie. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Ja		Nee	

_____

1.14 Geniet jy dit meer om ‘n geskenk te ontvang of om ‘n geskenk te gee? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

_____

_____

[20]



VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 punte)

Lees die visuele teks en beantwoord die vrae daaroor.



Bron: Statista Global Consumer Survey
Aangepas en vertaal: Zanie Marx

Omkring die korrekte antwoord.

2.1 Waaroor handel hierdie visuele teks? (1)

A Geskenke wat mense die minste verkies om te gee en ontvang.
B Geskenke wat mense verkies om te gee en ontvang.
C Onderwerpe van boeke wat mense graag lees.
D Items waarop mense die meeste geld bestee.

2.2 Watter inligting is NIE op die advertensie nie. (1)

A Hoeveel mense altesaam aan die statistiek deelgeneem het.
B Watter geslag mense aan die statistiek deelgeneem het.
C In watter land hierdie statistiek plaasgevind het.
D Die datum waarop hierdie statistiek verwerk is.

2.3 Wat was die ouderdom van die respondente wat gebruik is vir die statistiek? (1)

A 18 jaar en jonger.

B 16 jaar en ouer.

C 80 jaar en ouer.

D 18 jaar en ouer.

2.4 Wat beteken die woord ‘respondente’ in die teks? (1)

A Mense wat pryse gewen het.

B Mense wat deelgeneem het.

C Mense wat werk.

D Verloorders.

2.5 Watter persentasie respondente verkies om juweliesware as geskenk te gee? (1)

_____

2.6 Watter persentasie respondente verkies om boeke as geskenke te ontvang? (1)

_____

2.7 Is die volgende stelling **Waar** of **Vals**. Merk (✓) die regte blokkie en gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

Almal wat aan die statistiek deelgeneem het beplan om geskenke te gee.

Waar		Vals	

_____

2.8 Sal jy daarvan hou om geld as geskenk te ontvang? Waarom of waarom nie? (2)

Ja		Nee	

_____

[10]

VRAAG 3: OPSOMMING (5 Punte)

Lees die onderstaande storie en som dit in vyf hoofgedagtes op.

Volg die onderstaande instruksies.

- Jou opsomming moet puntsgewys geskryf word.
- Skryf sewe tot agt hoofpunte in volsinne met 60-70 woorde.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7/8.
- Gebruik jou eie woorde so ver as moontlik.
- Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het tussen hakies aan die einde van jou opsomming.

Die perfekte geskenk

Om die perfekte geskenk vir jou maat te kies, begin altyd deur mooi na te dink oor wat jou maat regtig geniet. Party mense hou van boeke, terwyl ander eerder musiek of sport verkies, en as jy weet wat sy belangstellings is, maak dit die taak baie makliker.

Dit help ook om na te dink oor dinge wat julle al saam beleef het, want ’n geskenk wat herinner aan ’n spesiale oomblik wys dat jy onthou en omgee. Wanneer jy onseker is, luister fyn wanneer jou maat praat, want soms verklap iemand per ongeluk wat hulle graag wil hê of waarvan hulle droom.

Jy kan ook dink aan ’n praktiese geskenk wat jou maat elke dag kan gebruik, soos ’n mooi pen, ’n warm kombers of ’n skooltas, want nuttige geskenke word dikwels waardeer. Nog ’n goeie idee is om iets persoonlik te maak, soos ’n handgemaakte kaart, ’n foto van julle twee of selfs ’n boksie met sy of haar gunsteling lekkernye, want dit wys dat jy tyd en moeite ingesit het.

Dit is belangrik om jou begroting in gedagte te hou, want ’n duur geskenk is nie altyd beter as ’n eenvoudige een wat uit jou hart kom nie. Onthou dat die manier waarop jy die geskenk aanbied,

ook ’n groot verskil maak – mooi verpakking, ’n lint of selfs ’n warm glimlag kan die oomblik spesiaal laat voel. Uiteindelik gaan die perfekte geskenk nie oor hoeveel dit kos nie, maar oor hoeveel liefde, aandag en sorg jy daarin sit, want dit is wat jou maat regtig gelukkig sal maak.

(Geskryf met behulp van ChatGPT, met ‘n por van Zanie Marx.)

Opsomming

Titel:_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____



Aantal woorde: _____

Rubriek vir die nasien van 'n opsomming			
Kriteria	**3 punte**	**2 punte**	**1 punt**
Inligting	Belangrike inligting is ingesluit (8 hoofpunte).	Sommige inligting ontbreek (3 – 4 hoofpunte).	1 – 2 hoofpunte.
Bewoording, spelling, taalstukture en – konvensies.		2 punt Gebruik eie woorde om opsomming te skryf. 1 – 3 spelfoute, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor.	1 punte Gebruik meestal direkte aanhalings in opsomming. 4 of meer spelfoute, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor.
		TOTAAL:	**/5**

[5]

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (15 Punte)

Kyk na die leesstuk hier onder en beantwoord die vrae uit die konteks.

(4.3)"Ek gaan vir jou die grootste geskenk ooit koop!" sê Jan trots, maar sy maat vertel dat hy eers sy sakgeld moet spaar. Jan glimlag breed soos 'n kat wat room gevind het en hardloop vinnig winkel toe.

Later sê hy trots dat sy verrassing beter as almal s'n sal wees!

Almal wonder dieselfde ding: is dit 'n speelding of 'n sjokolade?

Hy koop die geskenk.

Tussen al die (4.8) *geskenke* lyk Jan se kleurvolle, swaar pakkie die (4.9) mooiste van almal.

"Wat is daar in?" fluister Anna saggies in Jan se oor.

(Geskryf met behulp van ChatGPT, met 'n por van Zanie Marx.)

4.1 Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae wat volg.
Anna ontvang 'n geskenkpakkie.

4.1.1 Skryf die **onderwerp en voorwerp** van die sin neer. (2)
Onderwerp: _____
Voorwerp: _____

4.2 Lees die paragraaf en vind die **vergelyking**. (2)

4.2.1 In die vergelyking word _____ vergelyk met _____ _____.

4.3 Skryf die donkergedrukte sin in die paragraaf in die **indirekte rede**. (2)
_____
_____

4.4 Skryf 'n **enkelvoudige sin** uit die paragraaf neer. (1)
_____

4.5 Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin en dui aan watter **soort bywoord** dit is.

4.5.1 Hy sê trots dat sy verrassing die beste is. (2)

Bywoord van _____

4.6 Vul die ontbrekende woorde in om die **trappe van vergelyking** te voltooi:

4.6.1 _____ beter _____ (1)

4.7 Skryf 'n **stelsin** uit die paragraaf neer. (1)

_____

4.8 Gee 'n **sinoniem** vir die skuinsgedrukte woord in die paragraaf. _____ (1)

4.9 Gee 'n **antoniem** vir die onderstreepte woord in die paragraaf. _____ (1)

4.10 Is die volgende sin **'n enkelvoudige sin of 'n saamgestelde sin**? (1)

Jan glimlag breed soos 'n kat wat room gevind het en hardloop vinnig winkel toe.

_____

4.11 Vul die gepaste **byvoeglike naamwoord** in die sin hieronder. (1)

Sy het 'n _____ pakkie op haar verjaarsdag ontvang wat haar gelukkig gemaak het.

[15]

TOTAAL: [50]